
MATLA A BOKONE SOLAR

Formerly known as Droogfontein 2 Solar (RF) (Pty) Ltd



KWARTAAL 3 2021

# NUUSBRIEF



## GESONDE KINDERS VERTEENWOORDIG **'N GESONDE TOEKOMS**

Ons geïntegreerde gesondheidsprogram by skole het in November 2021 afgeskop en sal in twee fases geïmplementeer word oor 'n tydperk van 12 weke. Altesaam 2 190 leerlinge van 10 laerskole en hoërskole in die gemeenskap sal uit die projek baat.

Die gemeenskapsprojek bied omvattende siftingstoetse aan leerlinge en is in lyn met die Departement van Onderwys se geïntegreerde gesondheidsbeleid by skole. Toetsing word in 'n mobiele kliniek gedoen wat ten volle toegerus is.

Meer as 700 leerlinge en onderwysers sal elke maand siftingstoetse ondergaan. Gesondheidsdienste wat aan leerlinge gebied word sluit onder meer tandheelkundige ondersoeke, gesondheidsopvoeding, oogtoetse, gehoortoetse, voedingstatus beoordelings, fisiese assesserings en siftingstoetse vir Tuberkulose in.



Leerlinge met swak sig sal gratis korrektiewe oogsorg ontvang waar nodig en indien enige abnormaliteite deur middel van siftingstoetse opgespoor word sal hulle na die naaste hospitaal verwys word vir 'n volledige diagnostiese assesserings en verdere behandeling, indien nodig.


Die mobiele kliniek se mediese personeel is almal by die Raad vir Gesondheidsberoepe (HPCSA) geregistreer. Daar is 'n verpleegster, 'n tandheelkundige terapeut en 'n optometris.




Die gemeenskapsprojek bied omvattende siftingstoetse aan leerlinge.

## GEBRUIK DIÉ SES STAPPE **OM JOU HANDE TE WAS**

*Die Departement van Gesondheid beveel aan dat hande vir 20 sekondes gewas word om sodoende die verspreiding van die koronavirus te vertraag.*




**1 Gebruik seep**

**2 Vryf jou handpalms teen mekaar met vingers**

**3 Vryf die punte van die vingers**

**4 Vryf die gewrigte**

**5 Spoel jou hande onder die kraan af**

**6 Droog jou hande deeglik af**

**BLY VEILIG**
#CoronaVirus

www.nicd.ac.za
www.health.gov.za

**Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:**
www.sacoronavirus.co.za

## VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN LOOPBAANVOORLIGTING **VIR DIE JEUG**

Na aanleiding van die suksesvolle loopbaanvoorligting en leierskapsprogram van 2021 het ons besluit om die projek in 2022 voort te sit. Die veldtog is op leerlinge in graad 9, graad 10 en graad 12 gemik. Die program sal gedurende die eerste kwartaal van 2022 met 'n loopbaanuitstalling vir graad 12-leerlinge in die Sol Plaatje-munisipaliteit afskop.



Die program sal na raming ongeveer 5 000 leerlinge wat in die omgewing rondom die windkragaanleg bly bevoordeel en sal ook die vordering van 2021 se fokusgroep monitor.

Die doel van die program is om te verseker dat leerlinge met die nodige vaardighede en gereedskap toegerus word sodat hulle voorbereid is vir die lewe ná skool. Vaardighede sal deur middel van die 'Knowing Me and Knowing My Future' loopbaanvoorligtingsprogram aan leerlinge oorgedra word en dit sal hulle help om belangrike toekomsbesluite te neem.

Die bogenoemde ingrypings sal gedurende die 2022 akademiese jaar plaasvind.






Voornemende entrepreneurs sal ook aan die Kleinsake-Finansieringsagentskap (SEFA), die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap (SEDA) en die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA) bekend gestel word sodat hulle vir verdere ondersteuning en finansiëring kan aansoek doen indien hulle daarvoor kwalifiseer.

## ONDERSTEUNING AAN **JONG SAKEVROUE GEBIED**

Die "Young Women in Business"-inisiatief vorm deel van Matla A Bokone Solar se veldtog vir die ontwikkeling van plaaslike sakeondernemings en is ter viering vrouemaand van stapel gestuur. Die doel van die inisiatief is om 100 jong vroue in die plaaslike munisipaliteite van Sol Plaatje en Dikgatlong te help om kleinsakeondernemings op die been te bring.


Die inisiatief help jong vroulike entrepreneurs om nuwe privaatondernemings te registreer en staan hulle by met die papierwerk wat vereis word. Daar word verseker dat die ondernemings by die Komissie vir Maatskappye en Intellektuele Eindom (CIPC) geregistreer word, dat die nodige BBBEE-sertifikate bekom word, dat bankrekeninge geskep word, dat belastingklaringsertifikate bekom word en dat ondernemings by die Sentrale Verskaffersdatabasis (CSD) geregistreer word.

## 2021 **GEMEENSKAPSVERGADERINGS**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op Matla A Bokone se aanlynplatforms deurgegee word. Weens die landwye staat van inperking sal geen vergaderings van aangesig tot aangesig kan plaasvind nie.

## BESTEDING AAN EKONOMIESE **ONTWIKKELINGSPROJEKTE (3RDE KWARTAAL)**

- Ondernemingsontwikkeling
- Vroeëkinderontwikkeling
- Skool Gesondheid
- Jeug Vaardigheidsontwikkeling




Matla A Bokone Solar PV Facility
Riverton, Kimberley, 8301

**Kantoorure:**
Maandae – Vrydae: 8h30 to 17h00

*Onder die huidige inperkingsmaatreëls bly ons plaaslike kantoor gesluit en ons spanlede werk van hul huise af.*

**Skakelbeampte**
Lesego Mosiane
079 492 5710
lesego.mosiane@eimsafrica.com